education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

MODEL 2008

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. AFDELING A moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word en moet agter in die ANTWOORDEBOEK geplaas word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord VRAE 1.1.1 tot 1.1.3 wat volg.

Voedselpryse verhoog inflasie
Rentekoerse styg: Waarom word die verbruikers gestraf?

Die Nasionale Landboubemarkingsraad lewer elke drie maande verslag oor die pryse van 75 voedselprodukte. Die verslag bevat ontstellende nuus: die pryse van alle basiese voedselsoorte gaan drasties styg. Niemand kan voedselaankope vermy nie, daarom raak hierdie tipe inflasie almal – veral die armer verbruiker en dié wat MIV/Vigs het. Statistiek SA het ook 'n meer spesifieke verbruikersprysindeks (VPI) slegs vir voedsel verskaf – dit toon 'n 7,5%-verhoging vir die jaar 2005 tot Julie 2006, 8% vir Augustus, 8,5% vir September en amper 10% vir Oktober. Hierdie persentasie verhogings is hoër as die regering se inflasiedoelwit van 6%.

[Aangepas uit: *Consumer Fair*, Januarie tot Februarie 2007 (Nasionale Verbruikersforum)]

1.1.1 Identifiseer Suid-Afrika se huidige inflasiekoers soos in die gevallestudie aangedui:

A 7,5%
B 8,0%
C 10%
D 6,0% (2)

1.1.2 Kies die korrekte kombinasie van die beskrywings van inflasie hieronder:

1. Het tot gevolg dat die verbruiker minder voedsel met dieselfde geld kan koop
2. 'n Styging in die pryse van goedere en dienste
3. Gemeet oor 'n tydperk, gewoonlik drie maande
4. Word deur veranderinge in rentekoerse beïnvloed
5. Jaarliks in persentasies gemeet
6. 'n Produk wat R30,00 kos, sal later R33,00 kos

A 1, 4 en 5
B 2, 3 en 6
C 2, 4 en 6
D 1, 3 en 5 (3)

1.1.3 Kies die korrekte kombinasie van beskrywings wat die rede vir die stygende voedselpryse verduidelik:

1. 'n Toename in die brandstofprys
2. 'n Toename in die aantal HIV/Vigs-pasiënte
3. 'n Verhoogde verbruikersprysindeks van dienste
4. 'n Tekort aan goedere as gevolg van droogte

A 1 en 3
B 2 en 3
C 2 en 4
D 1 en 4 (2)

1.1.4 Sharifa verkies klere wat maklik is om te versorg bo handelsnaam-klere. Haar keuse weerspieël 'n … waarde.

A sosiale
B estetiese
C ekonomiese
D godsdienstige (2)

1.1.5 Modeklere word as … goedere beskou.

A spesialiteits-
B uitgesoekte
C industriële
D gerieflikheids- (2)

1.1.6 'n Motorfietsryer dra 'n valhelm …

A om fatsoenlike redes.
B vir beskerming.
C vir goedkeuring deur andere.
D uit 'n behoefte aan selfagting. (2)

1.1.7 'n Persoon met artritis in die hande sal baat vind deur die volgende hemp wat voor oopmaak, te kies:

A 'n Hemp met knope en knoopsgate
B 'n Hemp met Velcro
C 'n Hemp met hakies en ogies
D 'n Hemp met drukkertjies (2)

1.1.8 Die finansiële hulp wat aan werknemers verleen word om hulle in staat te stel om 'n huis te besit, word ... genoem.

A monetêre inkomste
B 'n subsidie
C bestaansinkomste
D 'n huislening (2)

1.1.9 'n Rolspeler wat dit moontlik maak om ander fondse as dié van finansiële instellings vir die koop van 'n huis te bekom, is 'n ...

A eiendomsagent.
B werkgewer.
C nieregeringsorganisasie.
D makelaar. (2)

1.1.10 Die bedekte koste wanneer 'n huis gekoop word, sluit in ...

A okkupasiehuur en water.
B aanvangsgelde en elektrisiteit.
C versekeringskoste en verbandbeskerming.
D eiendomsbelasting en inspeksiegelde. (2)

1.1.11 Die gelde wat vir die registrasie van 'n eiendom betaal word, is …

A verbandterugbetalings.
B banklenings.
C oordragkoste.
D boukoste. (2)

1.1.12 Kies die korrekte kombinasie van beskrywings wat 'n oopplan-woonarea vir persone wat fisies gestremd is, die beste beskryf:

1. Laat maklike beweging toe
2. Verskaf genoeg ruimte vir privaatheid
3. Ruimte kan vir verskeie aktiwiteite gebruik word
4. Moedig verskeie aktiwiteite sonder onderbrekings aan
5. Die meubilering is koste-effektief
6. Slegs geskik vir bejaardes

A 1, 4 en 6
B 1, 3 en 5
C 2, 3 en 5
D 2, 4 en 6 (3)

1.2 Kies die voedselwanbalans uit KOLOM B om by die wanvoedingstoestand in KOLOM A te pas. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – F) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie vir 'n antwoord verskyn nie.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Osteoporose	A	te min yster
1.2.2	Diabetes	B	te veel vitamien D
1.2.3	Kropgeswel ('Goitre')	C	te veel glukose
1.2.4	Anemie (Bloedarmoede)	D	voedsel ryk aan kalsium
		E	te min jodium
		F	voedsel ryk aan yster

(4 x 1) (4)

1.3 Kies die kledingstyl uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – G) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie vir 'n antwoord verskyn nie.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die aanhoudende proses van verandering in kledingstyle wat deur 'n groot groep aanvaar en gevolg word	A	klassieke styl
		B	hoogmode
		C	modegril
1.3.2	'n Kledingstyl wat gewildheid op die mark verloor	D	eietydse mode
1.3.3	'n Kenmerkende kledingstyl met herkenbare eienskappe	E	styl
		F	mode
1.3.4	'n Aanvaarde kledingstyl wat tans deur die meeste mense gedra word	G	ouderwetse mode
1.3.5	'n Nuwe kledingstuk wat deur 'n paar modeleiers gedra word		

(5 x 1) (5)

1.4 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – G) langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie vir 'n antwoord verskyn nie.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die voorreg van 'n maatskappymotor en 'n maatskappyhuis	A	aksynsreg
1.4.2	Hoeveelheid belasting wat op inkomste meer as R60 000 betaal word	B	boedelbelasting
1.4.3	Inkomste wat betaal word nadat iemand gesterf het	C	rentekoerse
1.4.4	Hoeveelheid belasting wat op verbruikersgoedere betaal word	D	belasting op toegevoegde waarde (BTW)
1.4.5	Indirekte belasting wat op sigarette en alkohol betaal word	E	SIBW
		F	inkomstebelasting
		G	byvoordele

(5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

VRAAG 2

2.1 Verduidelik DRIE voordele van voedselbestraling. (3 x 2) (6)

2.2 Verduidelik die verskil tussen 'n *voedselallergie* en *voedselintoleransie*. (4)

2.3 Stel VIER riglyne voor om 'n gebalanseerde dieet vir 'n jong volwassene vol te hou. (4)

2.4 Verduidelik die verskil tussen die volgende voedselverwante eetsteurnisse:

2.4.1 Bulimie (2)

2.4.2 Anoreksie (2)

2.5 Die Suid-Afrikaanse Grondwet verklaar dat elke burger die reg het op toegang tot voldoende voedsel en water. Bespreek TWEE van die volgende voedselsekuriteitsuitdagings wat Suid-Afrika vandag in die gesig staar:

2.5.1 Genoegsame voedsel vir die toekoms

2.5.2 Impak van inflasie

2.5.3 Gebrek aan werksgeleenthede (2 x 3) (6)

2.6 Stel DRIE riglyne voor om die voedingstatus van 'n MIV/Vigs-lyer te verbeter. (6)

2.7 Evalueer die impak van wanvoeding op die Suid-Afrikaanse ekonomiese omgewing. (10)

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: KLEDING

VRAAG 3

3.1 Verduidelik faktore wat 'n eerstejaarstudent moet oorweeg wanneer klere vir klasbywoning gekies word. (6)

3.2 Stel toepaslike riglyne voor wat 'n jong voornemende werknemer kan volg om 'n goeie indruk tydens 'n onderhoud te skep. (8)

3.3 Bespreek die impak en gevolge wat handelsname op 'n tiener se keuse van klere en bykomstighede het. Tabuleer jou antwoord soos volg:

IMPAK	GEVOLGE
1. 2. 3. 4.	1. 2. 3. 4.

(8 x 1) (8)

3.4 Bespreek die impak wat die gebruik van die volgende vesels op die omgewing het:

3.4.1 Natuurlike vesels (5)

3.4.2 Sintetiese vesels (5)

3.5 Evalueer die gebruik van organiese vesels in die klerebedryf as 'n oplossing om besoedeling te bekamp. (8)

TOTAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN MEUBLEMENT

VRAAG 4

4.1 Vergelyk die implikasies van die koop van 'n huis met die huur van 'n huis. Tabuleer jou antwoord soos volg:

KOOP	HUUR
1. 2. 3.	1. 2. 3.

(6 x 1) (6)

4.2 Verduidelik die belangrikheid van TWEE van die volgende aan voornemende kopers wat die eerste keer 'n huis wil koop:

4.2.1 Finansiële verantwoordelikhede van die huiseienaar

4.2.2 Kontrakte wat vereis word

4.2.3 Die rol van eiendomsagente (2 x 6) (12)

4.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Thabo het 'n bekende fabrikaat wasmasjien met 'n jaarwaarborg op huurkoop gekoop. Na drie maande het die motor van die wasmasjien ingegee. Toe hy die wasmasjien na die winkel teruggeneem het, het die handelaar hom daarvan beskuldig dat hy nie die instruksies vir die werking van die wasmasjien gevolg het nie.

4.3.1 Noem Thabo se regte as verbruiker in hierdie situasie. (3)

4.3.2 Gee raad aan Thabo om die korrekte prosedure(s) te volg wanneer hy 'n klagte indien. (5)

4.4 Noem VIER kriteria vir die verantwoordelike gebruik van water in die huis. (4)

4.5 Assesseer maniere om die verbruik van elektrisiteit in die huis te verminder. (10)

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E

VRAAG 5

5.1 Bespreek faktore wat 'n entrepreneur moet oorweeg wanneer 'n produk gekies word om wins te verseker. (4)

5.2 Verduidelik die belangrikheid van 'n produksielyn by kleinskaalse vervaardiging. (5)

5.3 Noem en verduidelik DRIE kriteria wat verseker dat gehaltebeheermaatreëls tydens die produksie van goedere toegepas word. (3 x 2) (6)

5.4 Verduidelik die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) aan jou werknemers. (4)

5.5 Noem die belangrikheid van akkurate voorraadbeheer as 'n maatreël om 'n suksesvolle besigheid te waarborg. (3 x 2) (6)

5.6 Noem VYF inligtingsitems wat op 'n etiket behoort te verskyn om die verbruiker in staat te stel om 'n ingeligte keuse met betrekking tot EEN van die volgende te maak:

5.6.1 Gereed-om-te-eet-botterbroodjies

OF

5.6.2 'n Omkeerbare onderbaadjie

OF

5.6.3 Bedlinne (5)

5.7 Entrepreneursvaardighede en -kennis sal die suksesvolle produksie van gehalteprodukte verseker. Evalueer hierdie stelling. (10)

TOTAAL AFDELING E: 40

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

AFDELING A/SECTION A

ANTWOORDBLAD/ANSWER SHEET

EKSAMENNOMMER/EXAMINATION NUMBER													

SENTRUMNOMMER/CENTRE NUMBER													

VRAAG 1.1/QUESTION 1.1				
1.1.1	A	B	C	D
1.1.2	A	B	C	D
1.1.3	A	B	C	D
1.1.4	A	B	C	D
1.1.5	A	B	C	D
1.1.6	A	B	C	D
1.1.7	A	B	C	D
1.1.8	A	B	C	D
1.1.9	A	B	C	D
1.1.10	A	B	C	D
1.1.11	A	B	C	D
1.1.12	A	B	C	D

(26)

VRAAG 1.2/QUESTION 1.2						
1.2.1	A	B	C	D	E	F
1.2.2	A	B	C	D	E	F
1.2.3	A	B	C	D	E	F
1.2.4	A	B	C	D	E	F

(4)

VRAAG 1.3/QUESTION 1.3							
1.3.1	A	B	C	D	E	F	G
1.3.2	A	B	C	D	E	F	G
1.3.3	A	B	C	D	E	F	G
1.3.4	A	B	C	D	E	F	G
1.3.5	A	B	C	D	E	F	G

(5)

VRAAG 1.4/QUESTION 1.4							
1.4.1	A	B	C	D	E	F	G
1.4.2	A	B	C	D	E	F	G
1.4.3	A	B	C	D	E	F	G
1.4.4	A	B	C	D	E	F	G
1.4.5	A	B	C	D	E	F	G

(5)

TOTAAL AFDELING A/TOTAL SECTION A: 40

Kopiereg voorbehou